kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos ‘n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: “Verrassende ontmoetings”

Skriflesing: Matteus 25:31-46

“The meeting of two personalities is like the contact of two chemical substances: if there is any reaction, both are transformed.”
— C.G. Jung

Broodjies vir die pad

“As far as we can discern, the sole purpose of human existence is to kindle a light of meaning in the darkness of mere being.”
— C.G. Jung

“In friendship...we think we have chosen our peers. In reality a few years' difference in the dates of our births, a few more miles between certain houses, the choice of one university instead of another...the accident of a topic being raised or not raised at a first meeting--any of these chances might have kept us apart. But, for a Christian, there are, strictly speaking no chances. A secret master of ceremonies has been at work. Christ, who said to the disciples, "Ye have not chosen me, but I have chosen you," can truly say to every group of Christian friends, "Ye have not chosen one another but I have chosen you for one another." The friendship is not a reward for our discriminating and good taste in finding one another out. It is the instrument by which God reveals to each of us the beauties of others.”
— C.S. Lewis, The Four Loves

“Jesus stands at the door knocking (Rev. 3:20). In total reality, he comes in the form of the beggar, of the dissolute human child in ragged clothes, asking for help. He confronts you in every person that you meet. As long as there are people, Christ will walk the earth as your neighbor, as the one through whom God calls you, speaks to you, makes demands on you. That is the great seriousness and great blessedness of the Advent message. Christ is standing at the door; he lives in the form of a human being among us.”
— Dietrich Bonhoeffer, God Is In the Manger

◆◆◆

Portrette

Vergeelde onthou in
vliegbeskyte rame ingepas
gehok in verkilde laggies en
guitige tuit

Om te onthou en nie te vergeet
Eenmaal saam gelag, gevier, geëet
Gedeel in skielike leed

Rokkies uitgesprei of gekruisbande
trippeltreetjies van ’n vroeë lente
Sy aan sy staan jy en hy
Skalkse aanbod terwyl die lens koekeloer

Nou staar julle agter dowwe glas
oud en muf en vasgeklewe
aan skilferende mure
Wakend oor die laaste ure
Van hierdie lewe.

Rita Smit

◆◆◆

“An understanding heart is everything in a teacher, and cannot be esteemed highly enough. One looks back with appreciation to the brilliant teachers, but with gratitude to those who touched our human feeling. The curriculum is so much necessary raw material, but warmth is the vital element for the growing plant and for the soul of the child.”
— C.G. Jung

“God wants man to be His creature. Furthermore, He wants him to be His PARTNER. There is a causa Dei in the world. God wants light, not darkness. He wants cosmos, not chaos. He wants peace, not disorder. He wants man to administer and to receive justice rather than to inflict and to suffer injustice. He wants man to live according to the Spirit rather than according to the flesh. He wants man bound and pledged to Him rather than to any other authority. He wants man to live and not to die. Because He wills these things God is Lord, Shepherd, and Redeemer of man, who in His holiness and mercy meets His creature; who judges and forgives, rejects and receives, condemns and saves.”
— Karl Barth, The Humanity of God

“Let us remain with Christ—abiding in Christ—and let us always try to be one with him. Let us follow him; let us imitate him in his movement of love, in his going forth to meet humanity. Let us go forth and open doors. Let us have the audacity to mark out new paths for proclaiming the Gospel.”
— Pope Francis, The Church of Mercy

◆◆◆

Luister soos wat jy gehoor wil word

Wilhelm Jordaan

Ek het al baie gedink iemand moet ’n spotprent teken van hoe woorde lyk nadat hulle as “ammunisie” gebruik is: Almal (die langes, die kortes, die grotes en die kleintjies) is op krukke en in verbande toegedraai. En met ’n fraai kaartjie word hulle spoedige beterskap toegewens!

Dié spotbeeld vertel hoe gesprekke skeef kan loop. Dit is egter nie net ’n geval van “verkeerde” woordkeuses nie. Soms is mense daarop uit om skoor te soek – soos wanneer iemand met die verkeerde voet uit die bed geklim het. Ander kere het dit te make met slordige kommunikasie. Daarvan is die voorbeelde volop:

Om iemand in die rede te val deur ongevraagde en voortydige vertolkings van wat hy of sy sê – so asof jy die dieper betekenisse van dít wat jou vertel word reeds ver vooruit snap en sekuur kan uitlê.

Dit kan so wees dat jy meer kennis en insig as ’n ander het, maar wanneer ’n mens te vroeg met sinnetjies kom soos: “Wat ek sou doen as ek jy was. . .; Waarom probeer jy nie. . .; Dit lyk vir my vanselfsprekend dat. . .” verhinder jy dat die ander ’n saak onder eie woorde bring en eie insigte bereik wat sy of haar selfwaarde voed.

Daar is ook die nuk om ’n onderwerp te verander met frases soos: “Jy dink jý het probleme. . .; Dit laat my nou aan ’n ander ding dink. . .; Het jy gehoor van. . .?” Sonder dat jy dit dalk bedoel, troef sulke sinnetjies die ander se mededelings en verskuif die aandag na jou.

Mense neig ook om alte vinnig met trooswoordjies en gerusstellings te kom sodat ’n ander beter kan voel. In die proses versuim jy om behoorlik te luister. Voorbeelde daarvan is sinnetjies soos: “Ag, jong, glo maar elke donker wolk. . .; Toemaar, dis nie so erg nie; Tyd genees alle dinge.”

Dit is menslik en goed om iemand te troos, maar net as die ander se mededelings die punt bereik het waar jou troos deur werklike begrip en egte deernis gevoed word.

’n Kru, slegte gewoonte is om iemand se mededelings aggressief en neerhalend te hanteer – so dat die ander nie die moed het om verder te praat nie: “Wat ’n belaglike aanname; Net ’n gek glo sulke dinge; Jy weet jy’s verkeerd – erken dit maar.” Dié soort ongeduld en sarkastiese ongenaakbaarheid, al is jou oordele dalk hoe gegrond, maak die ander mens minder.

Sommige mense reken die genoemde dinge is nie werklik kommunikasiefoute nie. Wees realisties, sê hulle. ’n Mens moet gesprekslim wees, anders loop almal oor jou met hul vertroetelde opinies, verborge agendas, vooropgestelde opvattings en liefhebberye. As jy jou kom kry, is jy niks meer nie as ’n vloermatjie wat so dierbaar luister, maar jy self geld niks.

Dit hoef egter nie so te wees nie. Daar is ’n ou Latynse gespreksreël wat sê almal het die reg om gehoor te word; ook in die brose demokrasie van gesprek. Dit is wederkerig; kom van weerskante. Wat jy luisterend opoffer, is ook jou reg wanneer jy wil hê dat ander na jou luister.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/luister-soos-wat-jy-gehoor-wil-word-20171017

Brood vir die pad

Tyd vir ander mense is allermins ’n mors van tyd

RRV

‘Onthou tyd is geld.” Dié uitdrukking word dikwels met Benjamin Franklin se 1748-opstel “Advice to a Young Tradesman” verbind. En daar is natuurlik wysheid in hierdie woorde.

Ons kan deur luiheid of swak tydsbenutting inderdaad geld verloor, tot nadeel van onsself en ander.

Maar daar is ’n versoeking om tyd en geld op so ’n manier te verbind dat ons bloot in ekonomiese terme oor tyd dink. Tyd word dan as ’t ware ver-ekonomiseer.

Iets hiervan kom in ons taalgebruik na vore. Ons spaar of bestee tyd. Ons praat selfs van vryetydsbesteding. In die proses word tyd vir niksdoen en ontspan, tyd vir vriende en familie, tyd vir vrywilligerswerk en vreemdelinge, as ’n mors van tyd beskou. Tyd is immers geld.

Die Kaapse filosoof Marthinus Versfeld – wat diep deur die kerkvader Augustinus beïnvloed is – skryf in sy boek Tyd en dae juis oor die gevaar van só ’n verstaan van tyd.

Tyd, skryf hy, is net so min geld as wat ’n koolkop ’n koning is. Nee, tyd is ’n gawe wat ons ontvang en wat ons tot vrygewigheid oproep.

Onlangs besoek ek die mooi ou katedraal in Lund, Swede. In die katedraal, wat uit die 12de eeu dateer, is daar ’n indrukwekkende Middeleeuse astronomiese klok. Met die aanskou hiervan staan ’n mens verwonderd oor die deeglikheid en diepsinnigheid waarmee daar probeer is om die verloop van tyd te meet. En oor hoe daar probeer is om die geloofslewe met ’n verstaan van die misterie en mag van tyd te verbind.

Prominent op die onderste deel van die klok is ’n uitbeelding van die Heilige Laurentius, die beskermheilige van die stad. Hy was ’n diaken wat in die 3de eeu in Rome geleef het, gedurende die tyd toe Christene deur keiser Valerianus vervolg is. Die keiser het in ’n stadium vir Laurentius gevra om al die kerk se skatte aan hom te oorhandig.

Die legende lui dat Laurentius toe al die armes, siekes en mense met gestremdhede bymekaar gemaak het, en aan die keiser gesê het: “Hier is die kerk se skat!”

Die beeld van Laurentius op die klok kan dalk ook vandag nog vir ons herinner: Tyd vir ander is nie ’n mors van tyd nie. Tyd is nie bloot geld nie. Tyd is ’n gawe.

In Marthinus Versfeld se woorde: “Om vrygewig met jou tyd te wees, is om ander mense se tyd te eerbiedig, want die tyd is die vrygewigheid van God, wat nie deur die horlosie gemeet kan word nie, maar waaraan die horlosie self gemeet moet word.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/tyd-vir-ander-mense-is-allermins-n-mors-van-tyd-20171117

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877